Gereformeerde Kerk Benoni

Polsslag

17 November 2019

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE

09:00 OGGENDDIENS

Ds. Rynhardt Pretorius

Skrifgedeeltes: Haggai 1: 1-15

Fokusvers: Haggai 1:12

Tema: In 'n nuwe lewe om te bou!

18:30 AANDDIENS

Ds. Rynhardt Pretorius

Skriflesing: Maleagi 1:1-14

Fokusvers: Maleagi 1: 1a

Tema: Harte om lief te hê!

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS BY DIE EREDIENSTE.

NA DIE OGGENDDIENS IS ALMAL WELKOM OM 'N KOPPIE TEE/KOFFIE IN DIE SAAL TE GENIET

KOINONIA

***Ons doen voorbidding vir die volgende lidmate*:**

Meegevoel:

- Lelanie Cronje het behandeling ontvang vir hoë bloeddruk. Dit gaan beter en sy is tuis.
- Erika van der Walt het 'n terugval gehad en moes vir kortisoon behandeling gaan. Erika het MS.
- Hannes van der Linde het 'n knie-operasie ondergaan en sterk tuis aan.
- Riana van der Linde se broer het 'n ligte hartaanval gehad.
- Cornel Boersma moet vir 'n histerektomie gaan.
- Rene Venter het 'n velkanker wat sukkel om gesond te word afgesien van twee vorige operasies daarvoor.
- Hendriena Willemse is in die hospitaal vir hart- en suikertoetse.

GELUKWENSING:

- Baie geluk aan Lourens Badenhorst en Erika (Vorster) wat Maandag in die huwelik bevestig is.

GKSA BEROEPENUUS

Beroepe ontvang

- Proponent KT Mogale (Tebogo) na GK Mamelodi Wes

Beroepe aanvaar

- Ds GP Meijer (Gerben) van GK Vryburg/ Bloemburg na GK Waterkloofrand.
- Proponent KT Mogale (Tebogo) na GK Mamelodi-Wes.
- Ds HL Stavast (Henk) van GK Totiusdal na GK Nylstroom

OUDERLING DIENSBEURTE	
Vandag	Flippie Opperman
Volgende week	Hennie Coetzer
TEESKINKBEURTE	
Vandag	Wyk F4 olv Lize Calitz
Volgende week	Wyk A6 olv Valda Gouws

OP DIE PROGRAM VIR HIERDIE WEEK 17 - 23 NOV 2019

DAG	TYD	GELEENTHEID	KONTAKPERSOON
Sondag 17 Nov.	09:00 09:00 11:30 18:30	Peuter-kerk (2 - 4 jariges) in kerkhuis Oggenddiens & Nagmaal Dankseggingsete & 4D Kids jaarafsluiting Aanddiens Nagmaal	Anneke Salomons
Maandag	09:30	Rynpark 5 Bybelstudie	Adri Goede 083 654 4821
Woensdag	10:00	Palms jaarafsluiting	Corrie Venter
Donderdag	19:00	Wyk F1 Bybelstudie vir jong werkendes/studente	Joe Duvenage
Vrydag	06:00 09:00	Manne gebedsgroep Bybelstudie	Schalk van Eeden 082 561 9409 Braam Krüger 082 459 5636
Sondag 23 Nov.	09:00 09:00 18:30	Peuter-kerk (2 - 4 jariges) in kerkhuis Oggenddiens Aanddiens	Anneke Salomons

VERJAARSDAE 17 - 22 November

Baie geluk aan almal met hul verjaarsdae vandag en in die komende week!

DATUM	NAAM	KONTAK NO.
17/11	Connie Coetzer Christo Harmse ☺	082 374 2031
18/11	Hennie Coetzer * Hettie Viljoen *	083 635 5583 083 628 9508
19/11	Juan Smit ☺	
20/11	Elize Booysen Louis Buys Maxine Beyleveld	082 852 7834 082 927 2034 082 754 1275
21/11	Markus Jansen ☺	
22/11	Rita Suurd	082 960 2972

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

SOEK DIE BYBELVERS

Verlede keer se antwoord: 1 Konings 11:43

" Hy is oorlede, en hy is begrawe by sy pa in die Dawidstad. Sy seun Rehabeam het hom as koning opgevolg".

Die volgende Bybellesers het korrekte antwoorde ingestuur:

Chrissie Pretorius ; Jan Lubbe ; Klein de Kock ; Steffi Flies ; Una Steyn ; Charmain Cathro ; Elma Jansen

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" In die land ?? was daar 'n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy".

Vraag: Waar het Job gewoon?

Lees gerus Job en noem in watter land Job gewoon en noem die vers waar dit staan, en SMS die antwoord met jou Naam en Van na 082 873 3173.

GEBEDSFOKUS - November

Gaan kyk gerus op die aansteekbord in die ingangsportaal en bid saam vir 'n land.

PALMBYEENKOMS

20 NOVEMBER 2019 @ 10:00

Jaarafsluiting met gaskunstenaar
ds. Dawie Rotteveel (sanger).
R50 per person, sluit ete in.
Skryf asb julle name in die boek **voor** die
17de Nov,
en betaal by br. Adri Goede.

Hoop om almal daar te sien
Navrae: Corrie Venter 083 280 9659

RIVIERTOER 2019

Die komitee wat die riviertoer reël het die volgende besluit geneem:

- Dat alle **graad 7 kinders** wat m.a.w. hulle wat volgende jaar (2020) graad 8 gaan wees, ook kan inskryf vir hierdie jaar se riviertoer.
- Hulle is welkom om ook **maats uit ander kerke saam te bring** (dit was immers nog altyd so).

Daar is nog **heelwat plek beskikbaar** voordat die getal van 120 vol gaan wees.

Die inligting is as volg:

Wanneer: Sondag 1 Desember tot Woensdag 4 Desember 2019
Waar: Udolpho Kampterrein by Parys (aan die Vaalrivier – geen water by Zorgvliet nie)
Hoeveel: R900 per kind
Wat: Alle kinders registreer op die kampterrein vanaf 14:00 Sondag-middag (geen amptelike vervoer van Frankfort af nie)..
Let wel: Slegs plek vir 60 seuns en 60 meisies **(NOU - Graad 7-12)**
Inskrywingsvorm: https://www.dropbox.com/s/h1l9t7s13oswfk5/2019%20-%20Inskrywingsvorm.pdf?dl=0
Of laat weet as julle die inskrywingsvorm per epos wil ontvang!

Die Gereformeerde Kerk Frankfort
Tel: 058 813 1231 / Sel: 083 653 1989 / Faks: 086 520 6994 / Epos: ostruwig@telkomsa.net
Web: GKSA : www.gksa.org.za /
Web: Gereformeerde Kerkjeug : http://www.gkjeug.co.za/
Frankfort Riviertoer Facebook: https://www.facebook.com/Frankfort.Riviertoer/?ref=bookmarks
Frankfort Kinderfonds: https://www.facebook.com/profile.php?id=100008253846022&fref=ts

ADVENT-VOORBEREIDING

Advent verwys na die 24 dae van Desember voor Kersfees. Christene maak dan gereed vir die advent/koms van Jesus wat op Kersdag gevier word.
Kom ons doen as gemeente die volgende saam as advent-voorbereiding:
Beginnende op 1 Desember lees ons almal daagliks een hoofstuk van die Evangelie volgens Lukas. Dié boek het 24 hoofstukke – so ons maak klaar op Oukersaand, net in tyd vir Kersfees! Só lees ons sommer lag-lag 'n hele Bybelboek deur én is ons as gemeente sommer in daardie tyd almal op dieselfde bladsy, om dit so uit te druk!
Laat weet gerus as jy gaan deelneem
– Braam 0824595636

SWAZILAND-UITREIK.

Die Ebersohn-gesin gaan wyk E1 verteenwoordig op die uitreik na Swaziland saam met Mission Ventures Afrika. Daar word 'n kerkkamp aangebied vir ongeveer 150 kinders tusse 3 en 14 jaar oud. Kinders sal daagliks bedien word met die Evangelie, 'n bord kos, lekker speel, kunswerke en baie liefde.
Ons beplan om die laaste dag 'n kerspartytjie te hou waar elke kind 'n pakkie sal ontvang met skryfbehoeftes, toiletware en moontlik 'n speeding.
Ons benodig nog baie skenkings. Hier is hoe jy kan help:

1. Bid vir ons gesin en die span vir veiligheid en gesondheid.
2. Skenkings in die vorm van enige speeding (heel en skoon) of skryfbehoeftes (grys potlood, liniaal, pen, uitveer, skerpmaker).
3. Enige kruidenierswaare wat die span kan gebruik om stew en ander kos voor te berei.
4. Borg 'n kind @ R100 vir die week.
   Rek: Missionary Ventures SA
   Bank: ABSA
   Takkode: 632 005
   Tjekrekening: 406 315 6608
   Verwysing: Ebenezer outreach

Skenkings moet asb **op die laatste 1 Desember** by die kerk vir die Ebersohn's gegee word.
Vir meer besonderhede kontak
Chriska Ebersohn op 084 666 6808

Broeders en Susters

Die Barmhartigheidsdiensgroep het 'n brief van die Sinodale Deputate Diakonale Sake (SDDS) ontvang waarin die nood in die Noord-Kaap onder die boere en hul skoolgaande kinders aangespreek word, en om finansieële hulp vra. (Weens beperkte spasie in die Polsslag kan die brief nie geplaas word nie, maar kan bekom word deur Hettie Viljoen te kontak).

Ons wil baie graag ons medegelowiges in die Noord-Kaap bystaan. Ons dink veral aan die kinders wie se ouers nie meer hulle skool- en koshuisgelde kan betaal nie. Omdat die plase so afgeleë is, is die meeste skoolgaande kinders in koshuise.

Ons versoek dat indien u kan, om 'n bydrae te maak sodat die diensgroep ook in die Noord-Kaap 'n verskil in kinders se lewens kan maak. Elke bietjie help dat ons 'n verskil kan maak.

Bank:	ABSA
Rekening:	Diakonale Kas Gereformeerde Kerk Benoni
Rekeningnommer:	022 028 0004
Takkode	632 005
Verwysing:	Noord-Kaap

Fondse moet asseblief in die Barmhartigheidsdiensgroep se rekening betaal word.

Ons vra ook dat u aan die ouers en hulle kinders in die Noord-Kaap in u gebede sal dink.

Groete in Christus
Barmhartigheidsdiensgroep

BESOEKE DEUR PREDIKANTE

Die predikante doen graag huisbesoeke by lidmate wat 'n behoefte het daaraan.
Skakel gerus die predikante direk of kontak Ina Bolt by die kerkkantoor om afsprake met predikante te maak | versoeke vir huisbesoeke vanaf die predikante te reël.

Ina se nommers is 084 339 1136 / 011 849 2054

KOLLEKTES

KOLLEKTES VAN: 10 November

Diens van Barmhartigheid:	R 11 363
Expando:	R 2 646
Jeugdiens:	R 140

KOLLEKTES VANDAG:

Kollekte in die banke: Diens van Barmhartigheid
Deurkollekte: Bybelverspreiding - Afrikaprojek

Deurkollektes vir **23 November : ARSO**

Ons gemeente is bevoorreg om baie bedienings te behartig. Hierdie werk word gedra deur ons lidmate se vrywillige offergawes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE :

BANK: ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING: Volle Naam, Van & **Doel**

Diens van Barmhartigheid

Bybelverspreiding–Afrikaprojek

PREDIKANTE:
dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
ds. Rynhardt Pretorius
☎ 074 944 7769

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 09:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za

FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

VRA JOU VRAE:
https://goo.gl/WFtT3F